

12 APRIL 1877: 'N PAAR STUKKIES VAN DIE LEGKAART

Hein Heydenrych
Universiteit van Pretoria

SUMMARY

12 April 1877: a few pieces of the jigsaw puzzle

The annexation of the South African Republic for Britain on 12 April 1877 by Sir Theophilus Shepstone, special commissioner sent for this purpose from Natal with only a small personal staff and 25 regular troops without any show of resistance other than a written protest is one of the enigmas of South African history. In the existing literature very little is to be found about the dramatic events of that day. The emphasis is nearly always placed on the political background, the consequences and the significance of the events in terms of the awakening of Afrikaner nationalism while the dramatic nature of the proceedings receives little attention. The participants in the drama are also often not properly identified. Here the members of Shepstone's staff are identified in terms of their careers before and after the annexation, their respective roles in the execution of the annexation are sketched and an attempt is made to capture something of the tension and the dramatic atmosphere on that day by looking at the personal and other correspondence of the participants and of persons close to them, at the only existing newspaper report and the few memoirs in both the British and Transvaal camps. A picture thus emerges of the tension below the surface on that day, constituting a cameo of the social history of one particular day.

Die merkwaardige vreedsame oorname

Die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek op Donderdag 12 April 1877 deur sir Theophilus Shepstone bly een van die merkwaardigste gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dat Shepstone, as spesiale kommissaris, met slegs 'n handjievol personeellede en 'n gewapende geleide van net 25 man sonder slag of stoot 'n staat sy onafhanklikheid kon ontnem, grens byna aan die absurde; soos die *Volkstem* dit in sy eerste uitgawe ná die gebeurtenis gestel het: "The fact that a country passes, against the will of the vast majority of the people, from one Government to another without any other act of opposition than a formal written protest, is one that we do not believe will be found recorded in the history of any other country."¹

In die historiese literatuur word die gebrek aan fisiese weerstand wel verklaar. Dit is, byvoorbeeld, bekend dat die Uitvoerende Raad van die Republiek reeds op 9 April besluit het om 'n afvaardiging na Europa te stuur om formeel teen Shepstone se voorgenome handeling te protesteer ten einde die anneksasie ongedaan te probeer

¹Die Shepstone Collection waarna verwys word is dié in die Sanlambiblioteek, UNISA

maak en dat president Burgers in sy protesskrif en die Uitvoerende Raad in 'n resoluëie op sy laaste sitting, die oggend voor die anneksasie, gewelddadige verset afgeraai het.² Daar is egter in die sekondêre bronne min gegewens oor die spanning-belaaië gebeure op 12 April 1877 te vind. Klem word gewoonlik gelê op die politieke oorsake, betekenis en gevolge daarvan, terwyl die dramatiese aard van dié dag nie tot sy reg kom nie. Sommige van die uiterlike handelinge, soos die voorlees van die proklamasie en president Burgers se laaste toespraak aan sy amptenare, word wel beskryf, waaruit die gespanne atmosfeer soms implisiet blyk; daar word, byvoorbeeld, verwys na Melmothn Osborn se senuagtigheid by die lees van die dokument, die gejuig van die Britsgesinde aanhoorders, die emosie tydens en na Burgers se afskeidstoespraak en die weerstoestand op dié dag.³ Origens word min aandag egter aan die drama rondom die gebeure gegee.

Selfs oor die deelnemers aan die anneksasie-drama, veral dié in Shepstone se kamp, is die inligting in die literatuur baie skraal. C J Uys gee byvoorbeeld in sy werk, *In the era of Shepstone. Being a study of British expansion in South Africa*, (Lovedale, 1933) verskeie amptenare se voorletters foutief of slegs gedeeltelik korrek aan (Fynney, Lyle en Morcom – vgl. sy indeks, pp. 461, 463, 464), terwyl kapt. James en Osborn glad nie in sy indeks voorkom nie, hoewel Osborn wel in die teks genoem word, bv. pp. 329 en 391. Sowel S P Engelbrecht in sy boek *Thomas Francois Burgers, 'n lewenskets* (Pretoria/Kaapstad, 1933) as M S Appelgryn in *Thomas Francois Burgers Staatspresident 1872 – 1877*, (Pretoria en Kaapstad, 1979) verwys ook na twee van Shepstone se personelede as slegs “kaptein James” en “kaptein Clarke”, sonder dat hulle in óf die indeks óf die teks behoorlik by wyse van voorletters of voorname geïdentifiseer word. Appelgryn spel ook twee keer Osborn se van verkeerdelik met 'n -e aan die einde, terwyl hy en Engelbrecht Morcom se voorletter net as W in plaas van W B en Haggard se voornaam slegs as Rider aangee, met die weglating van Henry in sowel die indeks as die teks. Die name van Fynney en onderinspekteur Phillips kom glad nie in Appelgryn se indeks voor nie, terwyl Engelbrecht albei noem, maar sonder vermelding van voorname of voorletters. In R E Gordon se werk: *Shepstone. The role of the family in the history of South Africa* word slegs Osborn, Henderson en Haggard se name genoem. Die gevolg is dat sommige van die karakters – selfs dié wat sentrale rolle gespeel het – bloot figurante bly wat vir die leser nie lewende persoonlikhede word nie.

Die doel van die artikel is nie om 'n bydrae tot die verklaring van die gebeurtenis te maak nie. Dit wil slegs die *dramatis personae* identifiseer, reg aan hulle laat geskied deur hulle onderskeie rolle te belig, en iets van die drama rondom die gebeure van 12 April 1877 vasvang.

Shepstone se geselskap

Shepstone en sy geselskap het Pietermaritzburg op 27 Desember 1876 verlaat, op 4

2. M S Appelgryn: *Thomas Francois Burgers Staatspresident 1872–1877* (Pretoria & Kaapstad, 1979), p. 235.

Vgl. Appelgryn, *op. cit.*, pp. 240–241; M C van Zyl: *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners (1877–1880)* (Pretoria & Kaapstad, 1979), p. 11; S P Engelbrecht: *Thomas Francois Burgers. 'n Lewenskets* (Pretoria & Kaapstad, 1946), pp. 353–356. Engelbrecht belig wel Burgers se emosionele ervaring van die gebeure, maar daar is in sy werk weinig van die spanning in die Shepstone-kamp te bespeur. In sy werk *In the era of Shepstone. Being a study of British expansion in South Africa* (Lovedale, 1933), sê C J Uys betreklik min omtrent die dramatiese gebeure op 12 April.



Sir Theophilus Shepstone en sy persoonlike personeel ten tye van die anneksasie. AGTER van links na regs verskyn onderinspekteur F L Phillips, Melmoth Osborn, luit-kol. E Brooke, en kapt. J F James. VOOR sit W B Morcom, Joseph Henderson, Sir Theophilus Shepstone, dr. J V Lyle, en F B Fynney. HEELVOOR is Henry Rider Haggard.

(TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK)

Januarie die Transvaalse grens oorgesteek en op 22 Januarie in Pretoria aangekom.⁴ Op die meegaande foto verskyn die meeste lede van sy personeel ten tye van die anneksasie. Die foto het alreeds in S P Engelbrecht se genoemde werk verskyn, sonder dat al die persone egter behoorlik geïdentifiseer is. Dit is ook in die *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld* (1986, p. 156) gereproduceer, maar ook dáár was die identifisering gebrekkig en soms foutief. 'n Ander foto van dieselfde groep kom in H Rider Haggard se outobiografie⁵ voor, maar ook in daardie geval word slegs Haggard en Osborn se voorname genoem.

Die persone word vervolgens van links na regs in die agterste ry en daarna in die voorste ry geïdentifiseer en hulle onderskeie rolle in historiese konteks geplaas deur gegewens omtrent hulle loopbane vóór en ná die anneksasie te verskaf.

Onderinspekteur Frederick Lushington Phillips⁶ was die bevelvoerder van die groep van 25 lede van die Natal Mounted Police wat Shepstone na die Transvaal geleide gedoen het. Reeds in 1874, toe die berede polisiemag in die naweë van die Langalibalele-opstand in Natal op die been gebring is, was Phillips een van drie offisiere wat deur die Natalse regering aangewys is om maj. J G Dartnell met dié taak behulpsaam te wees.⁷ Phillips het in 1876 'n lid van die Natal Mounted Police geword en dit tot sy aftrede in 1908 gebly.⁸ In 1877 was hy een van drie offisiere met die rang van onderinspekteur (Sub-Inspector) wat in rangorde direk onder die bevelvoerder, maj. Dartnell, gedien het.⁹

Ten tye van Shepstone se vertrek uit Natal in Desember 1876 is twyfel in sommige kringe in die kolonie uitgespreek of Phillips oor voldoende ondervinding beskik het om oor 'n afdeling manskappe op so 'n belangrike sending bevel te voer. Na afloop van die anneksasie het hy egter in Mei 1877 'n brief ontvang waarin Shepstone groot waardering betuig het vir die wyse waarop hy en sy manskappe hulle van hulle taak gekwyt het.¹⁰ Kort ná die anneksasie is Phillips as lid aangewys van 'n kommissie wat ondersoek na alle militêre korpse in die Transvaal moes doen.¹¹ Sowat drie weke na die anneksasie het die 1ste peleton van die 13de Regiment in Pretoria aangekom¹² en kon Phillips en sy manskappe terugkeer Natal toe.¹³

Frederick Lushington Phillips sou later nog in militêre verband 'n paar keer 'n prominente rol speel. In 1879 was hy een van die Natallers wat lord Chelmsford voor die Slag van Isandhlwana oor die ongeskiktheid van die kampterrein gewaarsku het. Sy advies is, net soos dié van ander, in die wind geslaan¹⁴ – met die bekende noodlottige gevolge. Aan die einde van die Anglo-Zulu-oorlog het die taak ook Phillips te beurt geval om 'n afdeling berede polisie te lei wat sir Garnet Wolseley van Durban na

4. M S Appelgryn, *op. cit.*, pp. 174, 177, 179.

H Rider Haggard: *The days of my life. An autobiography* (London, 1926), teenoor p. 73. Die name word ook in die teks op p. 74 gelys.

6. (Natalse Argiefbewaarplek), C.S.O. 2288, Marriage Declarations, 1884–1888, 18.10.1888. In hierdie dokument verskyn Phillips se volle name.

7. H P Holt: *The Mounted Police of Natal* (London, 1913), p. vii.

8. *Ibid.*, p. 359.

The Colonial Office List, 1877 (London, 1877), p. 110 (Natal, Colonial Defence).


Holt, *op. cit.*, pp. 37–38. Die name van die ander vier en twintig lede van die berede afdeling kom voor op p. 36 van Holt se boek en kan ook in die bylae "Past and Present Officers of the Natal Mounted Police" nagegaan word.

Volksstem, 25.4.1877: Kennisgeving uit de Gouvernementskoerant.

12. Vgl. H R Haggard: *The days of my life*, p. 106.

13. H P Holt, *op. cit.*, p. 37.

E H Brookes and C de B Webb: *A history of Natal* (Pietermaritzburg, 1965), p. 138.



Die 24 manskappe wat onderinspekteur Phillips op die sending vergesel het. Hulle was die volgende (nie in dieselfde volgorde as op die foto nie; vgl. Holt, op. cit., p. 36. Die voorletters en voorname is ongelukkig in die meeste gevalle onbekend): Sers. Abbott; korps. Cushing, Faddy, Champ en McQueen; trompetspeler Knott; manskappe Allison, Barclay, Bradshaw, Grissair, Jenkins, Holmes, Husband, Mathie, Myers, McDonald, Owen, Pleydell, Rafter, Scrivener, Sparks, W.H. Sharp, R.M. Sharp, Ward en Whitwell. Heel links agter is die swartman, Mhlopekazi, wat later as karakter in Haggard se boeke, veral Allan Quartermain opduik. (Natale Argiefbewaarplek)

Ulundi begelei het. Tydens die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog is Phillips, op 15 Februarie 1881, vergesel deur ses kollegas, gestuur om belangrike dokumente van genl. G P Colley se hoofkwartier by Mount Prospect na Newcastle toe te neem. Hy het na 'n nagtelike rit van drie en 'n half uur, waartydens hy die Boerverkenners ter nouernood ontwyk het, die dokumente in die regte hande besorg.¹⁵

Melmoth Osborn, wat Shepstone as sy sekretaris op die sending na Transvaal vergesel het, was reeds sedert 1868 magistraat en administrateur van Inheemse Reg op Newcastle in Noord-Natal. Na die anneksasie is hy in Julie 1877 as koloniale sekretaris in Transvaal aangestel en in daardie hoedanigheid het hy ook 'n ruk lank as administrateur waargeneem. Aan die einde van die Anglo-Zulu-oorlog van 1879 is Osborn as resident in Zululand aangewys en in 1887 het hy hoofmagistraat van Zululand geword.¹⁶

Luitenant-kolonel E Brooke van die Royal Engineers het eers by Shepstone se geselskap aangesluit nadat hulle al die Transvaalse grens oorgesteek het.¹⁷ Brooke het egter in opdrag van Shepstone laat in 1876 die Transvaal deurreis ten einde die verskillende roetes tussen Newcastle en Pretoria te ondersoek. Danksy hierdie verkenningswerk het Shepstone 'n sketskaart tot sy beskikking gehad wat nie alleen die roetes nie maar ook die strategies belangrike geografiese kenmerke van die landskap aangedui het.¹⁸

Kapt. J F James van die 13th Light Infantry Regiment,¹⁹ waarvan die 1ste peloton toe in Natal was, was saam met luit.-kol. Brooke verantwoordelik vir die organisering van die talle onthale wat in Heidelberg begin het en in Pretoria voortgesit is.²⁰ In die elf weke voor die anneksasie is daar 59 sosiale funksies vir of deur Shepstone gereël.²¹ Teen 1879 word kapt. James as die administrateur, Shepstone, se privaatsekretaris in die Transvaal aangedui.²² Dit is egter nie duidelik van wanneer af hy dié pos gevul het nie, aangesien geen naam teenoor dié amp in die Colonial Office List van 1878 verskyn nie.

W B Morcom het sedert 1873 verskeie betrekkings in die Natalse staatsdiens beklee. In 1876 het hy klerk van die Natalse prokureur-generaal geword en dié posisie het hy nog beklee toe hy saam met Shepstone na die Transvaal vertrek het.²³ Tydens die sending het hy as die spesiale kommissaris se privaatsekretaris, regsadviseur en finansiële vertroueling opgetree.²⁴ Morcom was die oorspronklike opsteller van die

15. H P Holt, *op. cit.*, pp. 79, 106–107.

16. D W Kruger en C J Beyers (hoofredakteurs): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, III (hierna S.A.B.W.) (Pretoria, 1977), pp. 585–586. Kyk ook E H Brookes and C de B Webb, *op. cit.*, p. 147; en Colonial Office List, 1877, p. 109 (Natal, Judicial Establishment). Kyk ook M C van Zyl, *op. cit.*, p. 53.

British Parliamentary Papers (hierna B.P.P.), Colonies, Africa, Southern Africa, General, Session 1851–1877, C-1776: Further Correspondence respecting the War between the Transvaal Republic and Neighbouring Native Tribes ..., No. 50, Barkly – Carnarvon, 6.2.1877, Enclosure, Shepstone – Carnarvon, Heidelberg, 18.1.1877, p. 82.

18. C J Uys: *In the era of Shepstone*, pp. 226–227; Appelgryn, *op. cit.*, p. 178.

19. Colonial Office List, 1879, p. 161 (The Transvaal, Civil Establishment).

20. Appelgryn, *op. cit.*, p. 178.

21. *Ibid.*, p. 181; R E Gordon: *Shepstone: the role of the family in the history of South Africa, 1820–1900* (Kaapstad, 1968), p. 259.

22. Colonial Office List, 1879, p. 161 (The Transvaal, Civil Establishment).

23. W J de Kock en D W Kruger (hoofredakteurs): *S.A.B.W.*, II, p. 506; Colonial Office List, 1877, p. 109 (Natal, Judicial Establishments).

24. W J de Kook en D W Kruger: *S.A.B.W.*, II, p. 506.

anneksasie-proklamasie waaraan ander persone later afrondingswerk gedoen het.²⁵ Na die anneksasie het hy E J P Jorissen in Februarie 1880 as staatsprokureur in die Transvaal vervang.²⁶ Van 1889 tot 1893 was Morcom prokureur-generaal van Natal. Gedurende 1903 het hy'n ruk lank as Minister van Justisie in A H Hime se kabinet in Natal gedien en in 1908-1909 was hy Natalse afgevaardigde na die Nasionale Konvensie.²⁷

Joseph Henderson was 'n suksesvolle besigheidsman in Natal wat 'n belangrike rol in verskeie ondernemings gespeel het. Sedert 1857 was hy ook 'n lid van die Natalse Wetgewende Raad. Sy belangrikste besigheidsonderneming was waarskynlik die Natal Fire Assurance and Trust Co. waarvan hy die voorsitter was toe dit in 1854 in die Natal Bank omskep is. Hy het in 1876 vir Shepstone na lord Carnarvon se "Suid-Afrikaanse federasie-konferensie" in Londen vergesel.²⁸ Saam met Percy Whitehead, 'n welgestelde Natalse grondspekulant, is hy vooruit deur Shepstone na die Transvaal gestuur met die tweeledige doel om vrees vir 'n Zoeloe-aanval aan te wakker en propaganda vir die spesiale kommissaris se koms te maak.²⁹ Vanweë sy finansiële kennis het hy die bynaam "Finance Joe" onder die Natallers gekry.³⁰ Dr. E J P Jorissen, die Zuid-Afrikaansche Republiek se prokureur-generaal, het na hom as die "bankier der bende" verwys.³¹ Ná die anneksasie het hy tesourier-generaal geword.³²

Dr. J Vacy Lyle, 'n mediese dokter, was voorheen ook, van 1866 tot 1869, redakteur van die koerant die *Natal Herald*. Hy het Shepstone as sy persoonlike lyfarts na die Transvaal vergesel. Na die anneksasie het hy superintendent van onderwys geword en dit tot sy dood in 1879 gebly.³³

F B Fynney het Shepstone as tolk vergesel³⁴ – 'n rol waarin hy voor die geselskap se vertrek, op grond van sy kennis van Swart tale, dikwels in hofsake opgetree het. In 1877 word sy amp aangegee as dié van tolk van die Natalse hooggeregshof.³⁵ Na die anneksasie het Fynney as raadgewer van die regering oor aangeleenthede rakende die Swart bevolking opgetree. In Desember 1878 is hy op die oewer van die Tugela belas met die taak om in Zulu die geskiedkundige ultimatum aan Cetshwayo oor te dra wat direk tot die Anglo-Zulu-oorlog gelei het. In 1882 het hy Cetshwayo ook as tolk na Engeland vergesel en in 1885 is hy as die eerste inspekteur van Zulu-onderwys in Natal aangestel.³⁶

Heel voor op die foto verskyn Henry Rider Haggard. Op 19-jarige ouderdom het hy by die personeel van die nuwe luitenant-goewerneur van Natal, sir Henry Bulwer,

25. C J Uys, *op. cit.*, p. 429.

26. Morcom se aanstelling as prokureur-generaal was 'n baie omstrede een waarteen o.a. Regter J G Kotze en Henrique Shepstone beswaar gemaak het omdat hulle bedenkinge oor sy bekwaamheid gehad het. Vgl. J W Kew: John Gilbert Kotzé and the Chief Justiceship of the Transvaal, 1877-1881 (*Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1984, II), pp. 204, 206-207, 208. Kyk ook M C van Zyl, *op. cit.*, p. 143.

27. W J de Kock en D W Kruger: *S.A.B.W.*, II, p. 506.

28. D W Kruger en C J Beyers (hoofredakteurs): *S.A.B.W.*, III, p. 396.

29. Appelgryn, *op. cit.*, p. 170.

30. Uys, *op. cit.*, p. 399.

31. E J P Jorissen: *Transvaalsche herinneringen*, 1876-1896 (Amsterdam/Pretoria, 1897), p. 29.

32. Kruger en Beyers, *S.A.B.W.*, III, p. 396.

33. C J Beyers (hoofredakteur): *s.a.b.w.*, IV, p. 350.

34. B.P.P. C-1776, *op. cit.*, No. 50, Barkly-Carnarvon, 6.2.1877, Enclosure: Shepstone-Carnarvon, 18.1.1877, p. 82.

35. Colonial Office List, 1877, p. 109 (Natal, Judicial establishment).

36. C J Beyers (hoofredakteur): *S.A.B.W.*, IV, pp. 179-180.

aangesluit nadat sy ouers hom aan Bulwer se sorg toevertrou het.³⁷ Teen 1877 het hy die pos van assistent-privaatsekretaris van die luitenant-goewerneur beklee.³⁸ 'n Besonder hegte vriendskap het tussen Haggard en Shepstone bestaan.³⁹ Wat Haggard se amp en funksie tydens die sending was, is nie duidelik nie. Uys noem hom Shepstone se privaatekretaris,⁴⁰ maar, soos reeds aangedui, is dié posisie deur W B Morcom beklee. Haggard werp in sy outobiografie geen lig op die saak nie.⁴¹ Heel moontlik was hy die spesiale kommissaris se assistent-privaatsekretaris, net soos hy dié van Bulwer in Natal was. Ná die anneksasie is Haggard as meester en registrateur van die hooggegragshof in die Transvaal aangestel. Uit dié pos het hy in 1879 bedank en teruggekeer Engeland toe. Haggard het natuurlik later veral as romanskrywer bekendheid verwerf met bekende werke soos *King Solomon's Mines* (1885), *Allan Quartermain* (1887) en *She* (ook 1887).

'n Lid van Shepstone se personeel uit Natal wat om die een of ander rede nie op die foto verskyn nie is kapt. M J Clarke. Voor die geselskap se vertrek was hy op verskillende plekke resident-magistraat in Natal.⁴² Oor Clarke se funksie vóór die anneksasie is daar nie duidelikheid nie. Na die anneksasie het hy spesiale kommissaris in die Lydenburgse distrik geword. Met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in Desember 1880 was Clarke, wat toe die rang van majoor gehad het, in bevel van 'n aantal Britse manskappe in die landdroskantoor in Potchefstroom waar hulle vasgekeer is; hy moes gevolglik onvoorwaardelik oorgee.⁴³ In 1881 het Clarke magistraat van die Quthingdistrik van die vroeëre Basotholand (Lesotho) geword en die jaar daarna bevelvoerder van die Kaapse Polisie te King William's Town. Nadat hy in 1882–1883 in Egipte militêre diens verrig het, is hy in 1884 as die eerste resident-kommissaris in Basotholand aangestel toe dié gebied direk onder Britse beheer gekom het. In 1893 het hy resident-kommissaris en hoofmagistraat van Zululand geword en in 1898 Imperiale Resident-kommissaris van Suid-Rhodesië (die huidige Zimbabwe), 'n amp wat hy tot sy aftrede in 1905 beklee het.⁴⁴

H C (Henrique) Shepstone, die oudste seun van sir Theophilus, wat in die gebeure op 12 April 'n rol sou speel, was nie 'n lid van die oorspronklike geselskap nie, maar het later daarby aangesluit. Hy was sedert 1870 die eerste magistraat en administrateur van Inheemse Reg op Harding in Suid-Natal nadat Alfred County by die Natalse grondgebied ingelyf is. Vir ongeveer 'n jaar ná die anneksasie van 1 Julie 1877 af het Henrique Shepstone die amp van Sekretaris van Naturellesake in Transvaal

37. R E Gordon, *op. cit.*, p. 256.

38. Colonial Office List, 1877, p. 109 (Natal, Civil Establishment).

39. R E Gordon, *op. cit.*, p. 256.

C J Uys, *op. cit.*, p. 125.

H Rider Haggard: *The days of my life, an autobiography* (London, etc., 1926), p. 74. Daar sê Haggard: "Exactly how I came to accompany Sir Theophilus on his important and history-making mission I cannot now recall. At any rate I went as a member of his staff." Daarna gee hy 'n lys van die lede van die geselskap.

Shepstone noem hom in sy brief aan Carnarvon resident-magistraat van Pietermaritzburg. (Vgl. B.P.P. C-1776, *op. cit.*, No. 50, Barkly – Carnarvon, 6.2.1877, Enclosure: Shepstone – Carnarvon, 18.1.1877, p. 82). In die uitgawes van die Colonial Office List vir 1875, 1876, 1877, word hy onderskeidelik as resident-magistraat van Pietermaritzburg County (1875) en van Umgeni District (1876 & 1877) aangegee. Vgl. Colonial Office List, 1875, p. 91 (Judicial Establishment, Resident Magistrates) en Colonial Office List, 1876 & 1877 (Judicial Establishment, Resident Magistrates).

43. J E H Grobler: Die Eerste Vryheidsoorlog, 'n militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1980), p. 178.

44. D W Kruger en C J Beyers: *S.A.B.W.*, III, p. 159.

beklee.⁴⁵ In 1878 het hy magistraat en administrateur van Inheemse Reg in Durban geword. Hy het aktief aan die Anglo-Zulu-oorlog deelgeneem en in 1882 Cetshwayo na Brittanje vergesel om die Natalse regering se saak te stel in verband met Cetshwayo se aansoek om as Zulukoning herstel te word. In 1884 is Henrique Shepstone, ná die aftrede van sy vader, in die belangrike pos van Sekretaris van Naturellesake in Natal aangestel – 'n amp wat hy tot sy aftrede in 1893, met die koms van verantwoordelike bestuur, beklee het.⁴⁶

Dit was dan Shepstone se personeel wat op 12 April tydens die anneksasie in Pretoria was. Soos uit die voorgaande uiteensetting blyk, was hulle 'n uitgesoekte groep mense wat beslis oor leierskapshoedanighede en uitnemende persoonlike gewas beskik het, soos duidelik uit hulle onderskeie loopbane afgelei kan word. Sir Theophilus het in die keuse van dié groep mense dus besondere meneskennis geopenbaar, alhoewel hulle voorafgaande loopbane hom waarskynlik ook in hierdie opsig beïnvloed het. In die sending waarop hulle hom bygestaan het, sou hierdie eienskappe hulle goed te pas kom aangesien die aard van hulle rolle voor en tydens die anneksasie besondere eise sou stel.

Die anneksasiedag

Die uiteenlopende beleving van die anneksasiedaad in Pretoria op 12 April 1877 blyk duidelik uit die verskillende sentimente omtrent dié dag se gebeure by twee tydgenootlike getuies in die Engelse en Transvaalse kamp, onderskeidelik. H Rider Haggard praat van “(t)he great day”⁴⁷ wat uiteindelik aangebreek het, terwyl president Burgers se privaatsekretaris, T M Tromp, verwys na “de schanddaad”⁴⁸ wat op dié dag plaasgevind het. Spanning tussen Boer en Engelsman moes dus noodwendig hoog geloop het.

Die gelaaide atmosfeer het egter oor 'n tydperk van maande opgebou. Meer as 'n maand voor die anneksasie-dag, op 7 Maart 1877, het Shepstone al geskryf: “I have no doubt of success ... But it is hard, wearing, anxious work and I shall be thankful when it is over.” En ses dae na die bloedlose oorname skryf hy aan Bulwer: “... the three months I have been up here have been the most anxious and wearing that I ever spent ...”⁴⁹ Shepstone se angst oor sy gevaarvolle en kwesbare posisie is te verstane as 'n mens in aanmerking neem dat hy hom met slegs sy persoonlike personeel en die 25 berede polisiemanne bevind het in die hartjie van 'n land so groot soos Groot Brittanje en Ierland tesame en met 'n geskatte bevolking van 40 000 witmense en 800 000 swartmense.⁵⁰ Dat Shepstone wel in wesenlike gevaar verkeer het, blyk ook uit Burgers se mededeling aan sy dogter ná die anneksasie: “I have managed to prevent bloodshed

45. Shepstone is van 1 Julie 1877 af in die amp aangestel. Die oorspronklike aanstellingsbrief is in die Shepstoneversameling in die Natalse argiefbewaarplek, A1379 (H C Shepstone Papers): Acting State Secretary – H C Shepstone, 28.7.1877. Kyk ook M C van Zyl, *op. cit.*, p. 53.

46. W J de Kock en D W Kruger: *S.A.B.W.*, II, p. 676.

47. H R Haggard, *op. cit.*, p. 104.

48. T M Tromp: *Herrinneringen uit Zuid-Afrika ten tijde der annexatie van de Transvaal* (Leiden, 1879), p. 269.

49. Shepstone Collection: Diaries and correspondence of Sir Theophilus Shepstone, 1850–1883, Shepstone – Herbert, 7.3.1877, p. 557; en Shepstone – Bulwer, 18.4.1877, p. 598. Feitlik dieselfde woorde gebruik hy ook in 'n brief aan Carnarvon in hierdie versameling, ged. 18.4.1877, p. 605.

50. B.P.P., C-1776, *op. cit.*, No. 122, Shepstone – Carnarvon, 17.4.1877, p. 154.

and to save the lives of Sir Theophilus and his men."⁵¹ 'n Insident wat deur Haggard beskryf word, illustreer ook goed die spanning wat in die lug was in die weke voor die anneksasie. Een aand was hy en 'n ander personeellid, waarskynlik was dit Morcom, laat aan die werk, besig om briewe te kopieer in 'n kamer van die gebou wat later die administrateurswoning geword het. Die kamer het groot vensters gehad en die gordyne was nie toegetrek nie. Sir Theophilus het die kamer binnegekom en hulle skerp tereggewys deur hulle daarop attent te maak dat hulle 'n baie maklike teiken vir skerp-skutters teen die verligte agtergrond gevorm het.⁵²

Ook aan die Transvalers se kant het die senuwees gepla, veral namate die anneksasie al hoe onvermydeliker voorgekom het. Soos Shepstone, is ook Burgers deur die voortslepende anneksasie-voorspel uitgeput. Twee dae voor die anneksasie skryf hy in 'n privaatbrief: "Als tot den dood toe word ik geperst."⁵³ en die volgende dag beskryf hy die invloed van sy beswaarde gemoedstoestand op sy gesondheid soos volg aan sy dogter: "I have had hard times of it and it is a wonder (the) troubles have not killed me".⁵⁴

Die gewone Pretorianers het ook die elektrisiteit in die lug aangevoel en aan hulle onderdrukte aggressie uitdrukking gegee: voor die 12de April het by verskeie huise in Pretoria die Transvaalse of Nederlandse vlag as 'n teken van uitdagende verset gehang.⁵⁵ In daardie dae het gerugte ook in die dorp die rondte gedoen dat die inwoners van Rustenburg, Middelburg en Wakkerstroom die wapens sou opneem.⁵⁶ Na bewering sou Nederlanders woonagtig in Pretoria ook gedurende die twee weke wat die anneksasie voorafgegaan het, die Transvalers aangehits het om "bloedige" weerstand te bied.⁵⁷ Daar is, trouens, by herhaling voorgestel dat Shepstone en sy hele gevolg die land uitgesit word;⁵⁸ dit is beklemtoon dat hy 'n klein geleide gehad het wat maklik oorweldig kon word.⁵⁹

Voorsorgmaatreëls is gevolglik deur Shepstone se kamp getref. Op 10 April berig mev. Mary Burgers aan haar dogter: "... yesterday the English camp was all taken down and the men kept in to protect the staff".⁶⁰ Shepstone het hom inderdaad met sy persoonlike personeel en gewapende geleide in en om sy woning verskans.⁶¹

Volgens Shepstone, egter, het die Transvalers so 'n lang geskiedenis van twis en faksievorming gehad dat "all are terrified lest they should be assassinated, or their houses burned or some serious injury done them by cowardly spirits ..."⁶² Die Engelssprekende sakelui van Pretoria het gevolglik in afwagting van moontlike geweld 'n vrywilligerkorps op die been gebring om die vrede te bewaar en die dorpseindomte te beskerm.⁶³

T.A.B., Aanwys A1718, Briewe van president T F Burgers aan sy dogter in Skotland, 1875—1879, T F Burgers — Adeline Burgers, 24.4.1877, p. 60.

52. H R Haggard, *op. cit.*, pp. 96—97.

53. T.A.B., A 371, S P Engelbrecht-versameling, Band 28: Korrespondensie mej. Ellen Burgers, afskrif van brief T F Burgers — (Amice?), 10.4.1877.

54. T.A.B., A 1718, *op. cit.*, T F Burgers — Adeline Burgers, 11.4.1877, p. 60.

55. T M Tromp, *op. cit.*, p. 268.

56. *Ibid.*

57. B.P.P., C-1776, *op. cit.*, No. 122, Shepstone — Carnarvon, 17.4.1877, p. 153.

58. Shepstone Collection, Shepstone — Bulwer, 11.4.1877, p. 593.

59. B.P.P., C-1776, *op. cit.*, Shepstone — Bulwer, 11.4.1877, p. 153.

60. T.A.B., A 1718, Briewe van president T F Burgers en mev. Mary Burgers aan hul dogter Adeline en hul broerskind, Piet Burgers, 1872—1877: *Mev. Burgers — Adeline Burgers*, 10.4.1877, p. 58.

61. T.M. Tromp, *op. cit.*, p. 268; M S Appelgryn, *op. cit.*, p. 240.

62. Shepstone Collection, Shepstone — Bulwer, 11.4.1877, p. 593.

63. *Ibid.* Vgl. ook M S Appelgryn, *op. cit.*, p. 240.

Sommige Pretorianers het moontlik ook ongemaklik gevoel toe die Vierkleur voor die regeringsgebou 'n paar weke voor die anneksasiedag, byna soos in 'n voorbode, etlike kere na benede geval het. "The halyards of the State flag are defective", skryf Shepstone, "they break and let down the emblem most inopportunistically; once while the President was addressing the Volksraad, and once or twice on other equally, or perhaps more untoward occasions, but the last was more ominous than the rest. The new Constitution and the Treason law had no sooner been passed than down it came, and there was great difficulty in putting it up again ..."⁶⁴

Die dag voor die anneksasie is die spanning nog verder verhoog toe die Pretorianers kon waarneem hoedat Shepstone se berede polisiemanne hulle vuurwapens skoonmaak en laai.⁶⁵ Op dié dag het Shepstone aan R G W Herbert in die Koloniale Kantoor in Londen geskryf: "I have arranged to issue tomorrow my proclamation declaring the Transvaal British territory ..."⁶⁶ Maar dit was toe waarskynlik al algemeen bekend – altans, ten minste in regeringskringe – dat die Britse oorname die volgende dag sou plaasvind.

Toe president Burgers om 10-uur op Donderdag die 12de April die kantoorstoeop opstap,⁶⁷ het hy dus geweet dat die noodlotsdag vir die Boererepubliek aangebreek het. Toe die tyd nader vir die proklamasie om gelees te word, het 'n klein skare van sowat 150 – hoofsaaklik Engelssprekendes⁶⁸ – reeds voor die Raadsaalgebou vergader.⁶⁹

Om 11-uur het Melmoth Osborn, sekretaris van die sending, vergesel van sewe van Shepstone se ander personeellede, van die huis waarin Shepstone tuisgegaan het, na Kerkplein gestap. Dié sewe was luit.-kol. Brooke, dr. Lyle, Joseph Henderson, Henrique Shepstone, F B Fynney, W B Morcom en H Rider Haggard.⁷⁰ Nadat Osborn op die stoep van die gebou stelling ingeneem het, het die anneksasiedrama hom oor die volgende uur daar afgespeel.

Osborn was sigbaar gespanne en het bewend en met "knikkende knieë"⁷¹ die dokumente begin voorlees; sodanig het hy gebeeef dat een van sy kollegas die papier vir hom moes vashou.⁷² Deur vyf dokumente moes Osborn worstel: die volmag of kommissie waardeur Shepstone as spesiale kommissaris aangestel is; die anneksasieproklamasie; 'n tweede proklamasie waarkragtens Shepstone as administrateur die bestuur van die land oorneem; 'n derde waarin die ongewilde oorlogsbelasting afgeskaf word; en 'n adres aan die Transvaalse burgers waarin Shepstone trag om hulle te oortuig dat die anneksasie in hulle belang is en hulle tot samewerking probeer oorreed.⁷³ Drie juigkrete vir die Britse koninging en nog drie vir sir Theophilus is daarna deur die omstanders aangehef.⁷⁴

64. Shepstone Collection, Shepstone — Bulwer, 14.3.1877, p. 565.

65. T M Tromp, *op. cit.*, p. 268.

66. Shepstone Collection, Shepstone — Herbert, 11.4.1877, p. 596.

67. T M Tromp, *op. cit.*, p. 269.

68. Shepstone Collection, Shepstone — Bulwer, 12.4.1877, p. 599; *Volksstem*, 18.4.1877: De Transvaal tot Britsch gebied verklaard.

69. T M Tromp, *op. cit.*, p. 269; *Volksstem*, 18.4.1877: De Transvaal tot Britsch gebied verklaard.

70. B.P.P., C-1776, *op. cit.*, No. 122, Shepstone — Carnarvon, 17.4.1877, p. 153.

71. E J P Jorissen: *Transvaalsche Herinneringen*, p. 33.

72. T M Tromp, *op. cit.*, p. 272.

73. *Volksstem*, 18.4.1877: De Transvaal tot Britsch gebied verklaard. Appelpgryn meld verkeerdelik dat vier dokumente voorgelees is.

74. *Ibid.* Die oorlogbelasting is laat in 1876 ingestel om voorsiening te maak vir uitgawes i.v.m. die veldtog teen Sekhukhune. Vgl. M S Appelpgryn, *op. cit.*, pp. 130, 133, 147.

Hierna het C J Juta, sekretaris van Openbare Werke, Polisie en Krygswese in Transvaal⁷⁵ na vore getree en president Burgers se protes en proklamasie voorgelees. In laasgenoemde dokument is onder meer 'n beroep op alle amptenare en burgers gedoen om hulle te weerhou van enige woorde of dade van geweld waardeur die voorgename deputasie na Europa in die wiele gery kon word.⁷⁶ Die lees van die protes en proklamasie is in stilte aangehoor;⁷⁷ soos Shepstone dit begrypnd gestel het: "... there were a few Boers also who of course could scarcely be expected to be joyful."⁷⁸

Die gelaaide atmosfeer op Kerkplein in dié stadium blyk duidelik uit 'n voorval wat deur Rider Haggard beskryf word. Ná die formele verrigtinge was dit sy taak om afskrifte van die anneksasie-proklamasie en van die dokument waarkragtens Shepstone die bewind oorgeneem het, by die verskillende staatskantore aan die plein af te lewer. Hy vertel: "In front of one of these offices ... was gathered a crowd of sullen-looking Boers who showed no disposition to let me pass upon my business. I looked at them and they looked at me. I advanced, purposing to thrust my way between two of them, and as still they would not let me pass I trod upon the foot of one of them, half expecting to be shot as I did so, whereon the man drew back and let me go about my duty." Hierdie stuurs en verstaanbaar antagonistiese Boere was deel van "a hostile crowd which had gathered in the remoter spaces of the square" van wie "muttered threats and oaths" gehoor kon word.⁷⁹

Die twee hoofkarakters in die anneksasie-drama, Shepstone en Burgers, het nie die verrigtinge op die plein bygewoon nie.⁸⁰ Albei het egter tydens en onmiddellik ná die gebeure hulle gewaarwordings op skrif gestel. Shepstone s'n – geskryf net na afloop daarvan – was formeel en byna klinies koud, maar dat die onsekerheid oor die vreedsame afloop daarvan aan hom geknaag het, is duidelik uit die woorde waarmee hy sy beskrywing van die verrigtinge afsluit: "Thus far everything has passed off quietly and well ..."⁸¹

Burgers, daarenteen, het, terwyl Osborn besig was om die proklamasies te lees, met 'n swaar gemoed 'n paar sinne neergeskryf.⁸² Groot bitterheid spreek daaruit; om maar twee sinne aan te haal: "Het groote magtige Engeland dat door ons niets winnen kan gunt ons het vrye Zonnlicht des hemels niet ... nooit sterve de haat tegen het British Gouvernement in myn geslacht nog in dat van mijn arm volk."

Nadat al die stukke op die plein voorgelees was, het Burgers sy amptenare in die raadsaal bymekaargeroep. In 'n emosionele rede het hy weer eens teen die Britse optrede geprotesteer en by die amptenare aangedring om in hulle betrekings aan te bly. Terwyl hy hulle vir hulle getroue diens bedank het, het hy so aangedaan geraak dat hy nie kon voortgaan nie. Staatsekretaris N J R Swart het daarop die president namens die amptenare bedank en die sleutel van sy kantoor aan Burgers oorhandig. Hy het dit egter aan Swart teruggegee met die opdrag om dit aan die nuwe staatshoof te besorg.⁸³ Onder gesmoorde snikke het Burgers almal met die hand gegroet, waarna

75. M S Appelgryn, *op. cit.*, p. 234.

76. *Volksstem*, 18.4.1877, *op. cit.*; Shepstone Collection, Shepstone – Bulwer, 12.4.1877, p. 599; S P Engelbrecht, *op. cit.*, p. 356.

77. H R Haggard, *op. cit.*, p. 105; B.P.P., C-1776, *op. cit.*, No. 122, *op. cit.*, p. 153.

78. Shepstone Collection, Shepstone – Bulwer, 12.4.1877, p. 599.

79. H R Haggard, *op. cit.*, p. 105.

80. M S Appelgryn, *op. cit.*, p. 241.

81. Shepstone Collection, Shepstone – Bulwer, 12.4.1877, p. 599. Die kursivering is myne.

82. S P Engelbrecht het dit Burgers se "politieke testament" genoem en 'n fotokopie daarvan op pp. 358–360 van sy boek opgeneem.

83. T M Tromp, *op. cit.*, pp. 276–277.

hy, onder drie juigkrete van “leve Burgers!”⁸⁴ van die publiek buite die gebou, sy rytuig bestyg het. Tuis aangekom het hy in so ’n oorspanne toestand verkeer dat daar vir sy gesondheid gevrees is.⁸⁵ “Papa ... came home,” het mev. Burgers aan haar dogter geskryf “feeling you may imagine very much cut up.”⁸⁶

In die dorp self het daar geen openbare vertoon met die anneksasie gegaan nie. ’n Paar Britse vlae het egter wel uit geboue gehang en dié namiddag was die winkels en kantore gesluit.⁸⁷ Shepstone het, as diplomaat, dit gerade geag, “(t)o avoid unnecessary irritation”, om nie die Britse vlag formeel te hys nie.⁸⁸ Dit is uitgestel totdat die troepe van die 13de Regiment in Pretoria sou aankom. Hoewel die vierkleur nie meer gehys is nie het die Union Jack dus intussen slegs gewapper voor die huis wat Shepstone bewoon het.⁸⁹ Die formele hysing is vir 24 Mei – koningin Victoria se verjaardag – beplan, maar reënweer het veroorsaak dat dit eers die volgende dag kon plaasvind.⁹⁰

Die aand van die anneksasiedag, 12 April, is die hotelle en kroee druk deur Engelssprekendes besoek om die gebeurtenis te vier.⁹¹ Volgens die *Volksstem* is daar by een van die hotelle ’n paar kiste vonkelwyn geledig onder die voorwendsel dat een van die plaaslike sakelui se verjaardag gevier is,⁹² waarskynlik omdat – in die lig van die gespanne verhouding tussen die Boere en Engelssprekendes – ’n openlike viering van die anneksasie nie raadsaam geag is nie.

12 April 1877 was verby en die Transvaal was Brits. Die Boere se afkeer van die Britse gesag – wat dié dag alreeds merkbaar was – sou egter na vier jaar tot die herstel van die republikeinse onafhanklikheid lei. Soos Thomas Francois Burgers dit te midde van die drama reeds verwoord het:

Nooit sterve de wensch om eenmaal die heerskappy af te werpen
Nooit versagen wij dat doel na te jagen!⁹³

Voetskrif

Dit is opvallend watter gevoel van wedersydse eerbied daar dwarsdeur die gebeure tussen Burgers en Shepstone bestaan het. Twee dae na die anneksasie skryf sir Theophilus ’n beleefde en byna apologetiese private briefie aan Burgers om hom met sy verjaardag geluk te wens. Die Maandag ná die anneksasie, 16 April, is selfs ’n

84. Dit was in 19de eeuse Nederlands gebruiklik om soms die “lank” of “lang” in die uitroep weg te laat.

85. *Ibid.*, p. 277.

86. T.A.B., A 1718, Briewe van president T F Burgers en mev. Mary Burgers aan hul dogter Adeline, ens.: Mev. Burgers – Adeline Burgers, 17.4.1877, p. 62.

87. *Volksstem*, 18.4.1877: De Transvaal tot Britsch gebied verklaard.

88. B.P.P., C-1776, No. 122, *op. cit.*, p. 155. Drie bronne meld verkeerdelik dat die Britse vlag wel formeel op 12 April gehys is, nl., E J P Jorissen, *op. cit.*, p. 33, W J de Kock (hoofredakteur), *S.A.B.W.*, I, p. 355 (Biografie van H R Haggard), en R E Gordon, *op. cit.*, p. 263.

89. B.P.P., C-1776, No. 122, *op. cit.*, p. 155.

90. M S Appelgryn, *op. cit.*, p. 243. Vgl. ook M C van Zyl, *op. cit.*, p. 14.

91. T M Tromp, *op. cit.*, p. 278.

92. *Volksstem*, 18.4.1877: De Transvaal tot Britsch gebied verklaard. J R Lys, volksraadslid, getuig ook daar was “great rejoicings”. Vgl. T.A.B., Mikrofilm 110 (M3004): J R Lys Diary, 12.4.1877.

93. S P Engelbrecht, *op. cit.*, pp. 359–360.

vakansiedag ter viering van die afgesette president se verjaardag verklaar.⁹⁴ In die briefie sê Shepstone onder andere: “(Y)ou know my feelings from what col. Brooke told you and I am sure you believe what he said, may you live to see the full effect of the good you have done in these last days to a country whose interests always seemed uppermost in your thoughts!” Die briefie kom voor in die Shepstone Papers (A96), *Natalse Argief*, Vol. 71, p. 52.

94. *Volksstem*, 18.4.1877: Korte opsomming.